*Vrydag* **29 Augustus**

**Skrifgedeelte: Daniël 8**
**Fokusgedeelte: Daniël 8:25 (AFR33/53)**
**Opstand teen God is 'n werklikheid**

Die opstand teen God en vervolging (fisies en geestelik/emosioneel) van God se kinders is 'n werklikheid. Dit is so 'n groot werklikheid dat elke generasie sê dat hulle nou in die eindtye leef. Natuurlik is elke generasie 'n stukkie nader aan Christus se koms. Elke nou en dan klink ons soos kinders wat in 'n kar op pad is met vakansie of om iewers te gaan kuier. Ons is almal vertroud daarmee. Elke nou en dan kom daar 'n stemmetjie van agter af wat vra: Is ons al daar?

So het die volk gewonder wanneer die einde kom. Hulle is vasgevang in die ballingskap. Die lewe is verskriklik erg. Elke nou en dan is daar 'n wet wat hulle vervolging nog erger maak. Hulle mis hulle huise, hulle verlang daarna om weer by die tempel van die Here te kan wees. Maar dit voel so ver. So kan ons glo dat dit vir Daniël baie erg geword het. Ons hoef net die paar hoofstukke te lees van dit wat vir ons neergeskryf is van sy lewe om te sien hoe erg dit was.

Tog was hy in alles 'n skaduwee van die lyding wat Christus sou deurgaan. Daniël sien hierdie visioen as bemoediging dat dit tot 'n einde sal kom. Die koninkryke sal nie ewig heers nie. Die volk moes egter verstaan dat hulle weens hulle eie sonde in die ballingskap sit. Die Here tref hulle ongehoorsaamheid met goddelose regeerders.

Die visioen gaan verder as die volk se omstandighede. Ons leer hier dat die gees van die Antichris op pad is, maar vandag reeds hier is. Die werke van die Antichris is ten diepste aan die kruis gesien. Hy het gedink hy behaal die oorwinning, maar bewerk sy eie ondergang.

Daar aan die kruis skitter die heerlikheid van God se verlossingsplan ten diepste. Laat jou troos in die Here se soewereine heerskappy wees oor die ganse wêreldgeskiedenis.

*Sing: Psalm 68-1:1, 3*

*Ds. W (Werner) Brotherton (Heidelberg)*